

“Onsekerheid ... luister niemand nie?”

Daar is baie onsekerhede in die lewe ... dinge waaroor jy nie beheer het nie, en wat jou onseker maak. Dinge soos jou gesondheid ... jou eiendom ... selfs jou lewe – hierdie dinge kan maklik van jou weggeneem word. Of dink aan die onsekerheid soms van jou emosies en gedagtes ... van jou gawes en vermoëns ... van jou geloof en liefde. Daar hang soms 'n wolk van onsekerheid daaroor.

Só het Job ook gevoel. Die een oomblik skeur die wolke oop en beleef hy iets ontsagliks – ja, hy is seker sy Verlosser leef (19:25) en die volgende oomblik is hy onseker ... dis 'n onheilsoomblik van vrees en onsekerheid – só lees ons in 31:35: “Is daar dan niemand wat na my luister nie?”

Die boek Job is 'n “klagteboek” ... dit is vol vraagtekens ... waarom? Maar kyk wat doen Job: hy stel sy saak aan God. In Nuwe-Testamentiese taal: Job bid! As hy roep en géén weerklank vind nie ... as hy bid en géén kontak beleef nie, hou hy nie op met bid nie. Nee, Job rig sy klag tot God. Daar op sy ashoop kyk hy op na God!! By implikasie sien hy Jesus Christus raak. Ook ons Here Jesus het aan die kruis geroep: “My God, my God, waarom het U my verlaat?” Vir Christus, diepe duisternis ... Godverlatenheid ... en uiteindelik die dood. Is alles tevergeefs? Is daar niemand wat luister nie? Is alles onseker? Nee, Christus staan op uit die graf ... Hy lewe en laat jǒu lewe tot in ewigheid.

God luister. Dit is die belofte van Job 31. Al voel dit vir jǒu asof niemand luister nie en alles onseker is ... die grootste sekerheid is die Lewende God deur Jesus Christus. En sy beloftes en sy liefde in jǒu lewe. As jy onseker voel en ervaar asof niemand luister nie? Gaan na God toe in gebed. Hy hoor en verhoor!

Sing: Psalm 20:1, 2, 4 (1936)

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)